

Die verskaffing van die regte voedingstowwe in die winter

□ Alina Taute
KK Animal Nutrition

Wanneer die nat seisoen einde se kant toe staan, raak weidings meer volwasse en neem die kwaliteit daarvan af. Vir die handhawing van optimale gesondheid en diereproduksie is dit nodig om die voedingstowwe wat die weiding nie meer kan verskaf nie, aan te vul.

Inleiding

Dit is onmoontlik om die belangrikheid van lekaanvullings in die winter oor te beklemtoon. Die effek van aanvullings wat gedurende die winter verskaf word, sal gereflekteer word in die komende seisoen in terme van konsepsie, kalf en speen persentasies. Die hoofdoel van winteraanvulling behoort te wees om die voedingstowwe wat die veld nie meer kan voorsien nie, aan te vul, om sodoende die benutting van die beskikbare weiding te optimaliseer. Deur dit te doen kan gewigsverliese van teelkoeie tot die minimum beperk word. Dit is belangrik dat koeie in 'n relatiewe goeie kondisie kalf aangesien dit die moontlikheid van herkonsepsie in die volgende seisoen sal verbeter. Vir diereproduksie doeleindes kan die winter periode in twee dele gedeel word, naamlik vroeë en laat winter. Gedurende die vroeë winter, wanneer gras volwasse begin word, neem die proteïen inhoud daarvan af, alhoewel daar nog genoeg weiding beskikbaar is. Laat winter word normaalweg gekenmerk deur 'n tekort aan beskikbare weiding, waarvan die kwaliteit ook baie swak is.

Vroeë winter

Lae kwaliteit wintergras is die oorheersende bron van beskikbare energie vir weidende diere. Gras se gehalte word as laag beskou sodra die proteïeninhoud daarvan onder 6% daal (Normaalweg is die proteïeninhoud van wintergras ongeveer 3%). Wanneer gras volwasse begin word, neem die veselinhoud daarvan toe, terwyl die proteïeninhoud afneem. Dit lei tot 'n laer inname van gras en dus neem die dier se totale energie inname ook af aangesien die veselfraksies onsmaklik en moeiliker verteerbaar is.

Gedurende vroeë winter is vroulike diere normaalweg dragtig en begin hulle voedingsbehoefte verhoog. Vroeë winterveld kan nie meer in die koei se behoeftes voorsien nie en dit word nodig om die veld met 'n proteïenlek aan te vul. Proteïenaanvulling is een van die duurste komponente van 'n lek en die uitdaging vir boere is om die regte hoeveelheid proteïene te verskaf teen die laagste moontlike koste. Rumen mikrobies het 'n sekere basiese behoefte

aan proteïen (stikstof) wat hulle in staat stel om die ingeneemde gras te verteer. Die aanvulling van die regte hoeveelheid proteïen is dus noodsaaklik om maksimum weidingsinname en dus energie verskaffing aan die dier, te bewerkstellig.

Vanweë die herkouer se vermoë om ureum ('n nie-proteïen-stikstof) om te skakel na hoë kwaliteit mikrobiële proteïen, kan die meeste van die natuurlike proteïene in lekke vervang word met ureum. Die hoë stikstof (potensiële proteïen) inhoud van ureum maak dit 'n ekonomiese proteïenbron vir herkouters. Ureum sal die dier van die nodige proteïene voorsien sonder die hoë koste verbonde aan die konvensionele bronne soos oliekoek. Die gee van swael saam met ureum is belangrik vir die vorming van swaelbevattende aminosure (boustene van proteïen) in die rumen. As duimreël kan 2.5 kg swael per 50 kg ureum bygevoeg word. Die byvoeging van 'n maklik verteerbare energiebron soos Kalori 3000 of melassemeel is verder nodig vir die optimale benutting van ureum (sien Tabel 1 vir vroeë winterlekke).

Laat winter

Soos wat die winter vorder, begin die beskikbare weiding afneem. Nie net is die kwaliteit van die weiding op sy laagste nie, maar 'n tekort aan weiding sal ook veroorsaak dat die diere 'n energietekort ondervind. Gedurende laat winter/vroeë lente, is koeie laat dragtig of lakterend en jong diere groei vinnig. Die energiebehoefte van hierdie diere kan die energie voorsiening van die veld oorskry en dit is dan nodig om saam met die proteïen aanvulling ook energie aan te vul. Hierdie aanvulling kan geskied deur diere na 'n beter weiveld te verskuif of om energie in die vorm van grane aan te vul (Sien Tabel 1 vir laat winter lekke).

Balans

Vir optimale diereproduksie is dit belangrik om die voedingstekorte van die veld met die regte lekke te balanseer. Groen somerweiding verskaf gewoonlik genoeg proteïene en energie, maar daar is 'n tekort aan minerale (fosfaat). Om die regte balans van al die voedingstowwe aan die dier te voorsien, is dit nodig om addisionele fosfaat in die vorm van 'n lek te verskaf. Net so is dit ook met vroeë winter. Die veld het die potensiaal om genoeg energie te voorsien, maar daar is 'n tekort aan proteïene. Om weereens die voedingstowwe te balanseer moet proteïen en minerale

aangevul word. Gedurende die laat winter wanneer die veld nie genoeg van een van die voedingstowwe (proteïen, energie, minerale) kan voorsien nie, moet al drie aangevul word. Die volgende gebalanseerde lekke kan gedurende die wintermaande gemeng word. Onthou dat genoeg ruvoer altyd beskikbaar moet wees wanneer hierdie lekke gevoer word.

Grondstof	Kg/mengsel Lek 1*	Kg/mengsel Lek 2*	Kg/mengsel Lek 3**
Mielies	250	250	300
Oliekoek	-	100	300
Voer Graad Ureum	150	150	100
Kimtrafos 12 Grande (Fosfaat)	150	150	75
Kalori 3000	50	50	25
Voergraad Swael	7	7	5
Sout	350	350	300
TOTAL	957	1057	1105
Samestelling			
Proteïen (%)	47.5	46.6	38.7
Metaboliseerbare Energie(MJ/kg)	3.8	4.4	6.6
Kalsium (%)	4.1	3.7	1.8
Fosfaat (%)	2.0	1.9	1.1
Inname, g/koei/dag	350-500	350-500	500-600

Tabel 1: Vroeë en laat winter aanvullings vir beeste

* Lek 1 en Lek 2 kan gedurende die vroeë winter gegee word.

** Lek 3 kan gebruik word gedurende die laat winter om diere van proteïen, energie en minerale te voorsien.

Lek 1-3 Mielies kan vervang word met Hominy Chop of Melassemeel (1:1). Onthou egter dat Melassemeel smaaklik is en dat innames gereguleer moet word.

Fosfaataanvulling gedurende die winter

Die belangrikheid van fosfaat in diervoeding kan nie oorbeklemtoon word nie. Fosfaat is teenwoordig in alle liggaamsselle en is essensieel vir verskeie metaboliese prosesse in die liggaam. Hierdie prosesse sluit onder andere in die omskakeling van voer na energie en die

opbou van liggaamswefsel.

Hoewel fosfaat primêr 'n natseisoen aanvulling is, moet dit nogtans gedurende die winter aangevul word. Wetenskaplike veldproewe het aangetoon dat 'n groep diere wat 'n proteïen, energie, fosfaatlek gedurende die winter ontvang het, 'n hoër melkproduksie in die daarop volgende nat seisoen (waar albei groepe met fosfaat gesupplementeer is) gehad het as die kontrolegroep wat net 'n proteïen, energielek gedurende die winter ontvang het. Moontlike redes hiervoor is dat diere fosfaat in hul liggaame (in die bene) gestoor het en dit vandaar onttrek het toe voerkwaliteit verbeter en hulle behoeftes verhoog het, of die onttrekking van fosfaat uit die bene gedurende die winter was minder, omdat daar voldoende fosfaat in die lek was. Die aanvulling van fosfaat gedurende die winter help dus koeie om die periode van laat winter na lente te oorbrug wanneer voldoende innames van fosfaatlekk gewoontlik 'n probleem is.

Opsomming

Die belangrikheid van winterlekk moet nooit onderskat word nie. Lek aanvullings is duur en dit is daarom belangrik om te weet watter voedingstof gedurende watter winterperiode 'n tekort is, sodat die regte voedingstof op die regte tyd aangevul kan word. Die uitgawes wat aangegaan word vir die aankoop van lekke gedurende die winter, sal beloon word in terme van verhoogde melk produksie, kalfpersentasie en beter herkonsepsie in die volgende seisoen.

Vir verdere inligting kontak Alina Taute by 082 322 0333 of e-pos ataute@kkan.com. Besoek ook ons webwerf by www.kkan.com.

In days of old...

□ Arthur Mullins, Roving Consultant
Great Karoo Tulis

In days of old when bulls were bold
& Stallions were prolific
Cattle dated, fêted, mated
but now its all scientific.
For now a bull in Istanbul
without the usual woo
can give its mate in Winkelspruit
a bouncing babe or two.
So if you battle with your cattle
& wonder at their dismal gaze,
fear not my dear the reason's clear
they're lamenting the good ol' days.





Amelia



LESLIE COOK & KEVIN COOK
WILTSHIRE • PO BOX 255 • DOUGLAS • 8730 • TEL: 0766176471 & 0828064146 • FAX: 0866798182
e-mail: kevinc@vectotrade.co.za



Ontwerp en oprig van veehanteringsfasiliteite



Skakel Ryno Keeve 078-460-3322
keeve@lantic.net

Uitleg van 'n

kraal

Daar is niks so frustrerend vir mens, en stresvol vir die bees as om in 'n fasiliteit mee gewerk te word wat in 'n swak toestand is, waar jy jou hele plaas operasie moet stop, al jou beskikbare arbeid op die hoeke moet sit om die beeste te keer dat hulle nie oorspring of die kraal stukkend hardloop as daar op hulle geskree word nie! Om hanterings fasiliteite op te rig is dalk 'n groot kapitale uitgawe. Vra maar vir talle boere wie se fasiliteite ons opgerig het, hoe lekker en gemaklik hulle met minder arbeid dieselfde troppe beeste en meer op 'n dag kan hanteer? Sy antwoord aan jou sal wees: Ek moes dit lankal gedoen het! Goed ontwerpte fasiliteite vir veearts ondersoek, sorteer en uitlaai van beeste, sal hantering meer effektief maak, stres en beserings aan mens en dier voorkom, en jy sal minimum arbeid nodig hê.

Algemene foute en riglyne met die oprigting van hanterings fasiliteite:


1. Uitleg van kraal

Beeste onthou slegte ervarings vir 'n baie lang tyd. Goed ontwerpte krale sal help om beeste rustiger te maak en makliker te hanteer. Rustigheid en geduld moet aan die dag gelê word wanneer met die beeste gewerk word. 'n Bees is baie sensitief vir rowwe hantering. Rowwe hantering veroorsaak dat beeste aan onnodige stres blootgestel word, wat 'n produksie verlies kan teweegbring en ook veroorsaak dat jou beeste wild raak a.g.v rowwe hantering. Diere is geneig om 'n ontsnappingsroete te soek as hulle die kraal inkom. Jou beeste moet gewoon wees aan die mense en die kraal waarin jy werk. Geraas, skaduwee of bewegende voorwerpe kan ook maak dat jou bees nie die kraal wil binnekom nie. Krale moet so ontwerp wees dat hulle verskillende troppe met gemak kan hanteer en dat jy genoeg plek in jou kraal het vir verskillende aksies, bv. speen en klas.

2. Opvangs en sorteer krale

Opvangs krale wat te groot en te wyd is, veroorsaak op sy beurt weer dat jou beeste rondhardloop in die kraal omdat dit te breed en te lank is. Jy kan die beeste nêrens vasdruk teen 'n lyn nie om hulle na die volgende kraal deur te forseer en dit veral as jy dalk net een of twee veewagters het en hulle verskillende take moet verrig wanneer die beeste in die kraal is. Lang maer houkrale is beter omrede die bees dan nie sommer by jou sal verby kom nie. In my

ontwerpe maak ons die krale nie sommer breër as 9-12m nie. Na gelang van jou tropgrootte ontwerp jy jou kraal. Jou staangetalle vir dadelik werk is 3m² tot 3.5m² per bees vir jou hou krale. Jy moet ook met gemak sonder om dalk raak geskop te word, deur jou beeste kan beweeg terwyl hulle in die kraal is.



3. Hoeke

Wanneer jy met 'n bees werk is die neiging altyd by hulle om in 'n hoek saam te drom. Hoeke moet ten alle koste vermy word in 'n kraal. Hoeke moet verkieslik "stomp of plat" wees. Indien 'n hoek nie vermy kan word nie, moet jy kyk of jy nie eerder 'n hek daar kan insit nie. Beeste vloei makliker in sirkel vormige krale en vergemaklik die hantering daarvan. Baie van die ou krale is nog vierkantig. Hulle werk nog, maar baie moeilik veral wanneer jy dan 'n spesifieke bees wil uitkeer, en sy wil wegom van jou af dan gaan hulle mos gewoonlik tussen die ander beeste in tot in die hoek. Gewoonlik sukkel jy dan om hulle daar uit te kry, sonder om dalk die kans te staan vir 'n skop wat jy nie verwag nie.

4. Hekke, toegang en sortering

Jy gaan met 'n betreklike stywe tandheelkundige rekening sit of glad nie meer biltong en steak kan eet, wat natuurlik baie moeilik vir enige beesboer sal wees, as jou hekke nie reg funksioneer nie. Dit laat my dink aan die gesegde: "Kyk ma los hande. Kyk ma geen tande"! Hekke is een van jou belangrikste dele in jou kraal. Hekke wat nie behoorlik funksioneer is 'n gevaar vir mens en dier. Hekke moet vinnig oop en toe kan maak en stewig wees. Hekke moet op die regte plekke in jou kraal aangebring word om toegang tot 'n bees in die drukgang te kan verkry, of om die beeste in die kraal te kry, of vir jou om in die kraal te kom sonder om oor die pype te klim. Hekke speel ook 'n belangrike rol in die klas en sorteer van jou beeste voor by jou drukgang se uitgang. Vermoedlik swaar hekke. Hekke moet stewig kan sluit wanneer jy hom vinnig oop of toe moet maak. 'n Ketting en "gate latch" is ideaal vir die doel. Die ketting moet lank genoeg wees om om die paal te kan gaan en aan die hek vasgesweis wees, met genoeg skakels oor aan die agterkant sodat hy nie te styf in gaan en jy sukkel as jy hom weer moet uithaal nie. Wanneer jy die ketting om die paal swaai gly hy sommer maklik in die latch in en haal maklik uit wanneer jy haastig is. Verbind altyd jou hekke waar moontlik oorhoof met mekaar. Dit maak jou kraal stewiger en verhoed dat jou hek nie jou paal uitlyn trek

5. Drukring

'n Drukring, of te wel "forcing ring", voor jou drukgang is baie noodsaaklik. Dit help met die vloei van die beeste in jou drukgang in. Die deel moet verkieslik volsirkel of half sirkel wees met een of twee roterende hekke wat toegemaak is met plaat sodat jou beeste mekaar nie kan sien nie, maar slegs die ingang na jou drukgang. Baie krale het nie so 'n ring nie maar slegs 'n drukgang in die hoek van die kraal of net 'n kleinerige hou kraaltjie wat dan af tregter na jou drukgang. Gaan kyk maar die beeste draai en maal gewoonlik voor die drukgang en sukkel om in te gaan. Tyd en energie word so onnodig vermors.



Drukring

6. Drukgang

Die gedeelte is die belangrikste deel in jou kraal. As jou drukgang nie reg ontwerp is nie, funksioneer hy ook nie reg, veroorsaak beserings by mens en dier en verhoog stres by die bees. Drukgame wat geboë is werk beter as 'n reguit drukgang. Dit skep die persepsie by die bees dat

hy teruggaan vanwaar hy gekom het. Hy kan ook nie sien wat voor hom aangaan nie en volg die bees voor hom. Die drukgang moet so ontwerp wees dat 'n bees slegs sowat 2 bees lengtes voor hom kan sien. Die eerste 2 meter van jou drukgang is reguit en daarna begin hy draai. Daar moet ook voorsiening gemaak word vir 'n "backup" hek en 'n werkshekkie aan die kant van jou drukgang. Die "backup gate" sluit jou drukgang af en verhoed dat daar nie ander beeste kan in of uitgaan as jy met hulle werk nie. Die werkshekkie wat oopmaak binne jou drukgang, sluit jou drukgang af wanneer 'n koei in die nekklamp is wat moontlik sukkel om te kalf, of jy wil net van agter met die bees werk terwyl daar ander beeste in die drukgang is. Vir die doel is die hekkie 100%.

Die spasiërings op die boonste twee pype van die drukgang moet van so aard wees, sodat wanneer die bees sy kop deurdruk hy dit net so maklik kan terug trek (400mm binne maat) sonder om die grinder te gebruik om haar/hom te bevry. Wanneer jy met hulle werk en jy jou arm deur die pype moet steek om 'n bees by te kom, jou arm nie vasgedruk word wanneer 'n bees vorentoe of agtertoe beweeg nie en jouself beseer in die proses nie. Die veearts moet ook met gemak kan dragtigheid doen. Jou beeste is meer geneig om in die geboë drukgame te visgraat of almal se koppe in een rigting kyk. Dit vergemaklik hantering by die beeste veral tydens dragtigheids ondersoek. 'n Aanvaarbare hoogte vir 'n drukgang is 1.6m bo die grond. Drukgame wat te lank is kan veroorsaak dat van die beeste gaan lê as hulle baie styf staan of te lank staan, en dit neem ook baie tyd in beslag om vol te maak. 'n Drukgang wat te kort is gaan nie vir jou vloei gee nie. Jy gaan kort-kort moet drukgang vol maak wat baie tydrowend kan wees en veral as jou ingang na jou drukgang nie reg is nie. In ons beplanning maak ons voorsiening vir sowat 12 – 15 groot beeste in die drukgang wat dan 'n lengte van 18-20m is. Jou grootbees drukgang moet nie breër wees as 750mm binnemaat nie. As dit breër is as dit kan dit veroorsaak dat jong en self groot beeste omdraai. 'n Kalfdrukgang is ook 'n moet. In die drukgang werk jy tot en met speenkalf grootte. Die kalwers draai altyd om, gaan lê en trap op mekaar en dit is altyd 'n gespook as jy hulle in die grootbees drukgang werk. Die kalfdrukgang hoogte is 1.2m bo die grond en 450-500mm breed.



Drukgame



Before



After

7. **Helling en dreinerings**

Die kraal moet nie `n te steil helling hê nie. Die drukgang moet altyd opwaarts teen die helling beweeg en nie saam nie. `n Bees loop makliker op as af. Beeste is geneig om op mekaar te klim as die helling te skuins af is. `n Helling is ideaal, dan was die kraal altyd skoon na `n harde bui reën. Krale wat nie gereeld skoongemaak word of swak dreineer is geneig om met verloop van tyd “vlak” te word a.g.v. mis en grond wat nie kan dreineer nie, en ophoop.

Beeste hou nie hiervan nie, en veral nie van `n modderpoel voor die ingang van jou kraal waar hulle moet in sal jy altyd sien hulle probeer oorspring in plaas van net deurloop. Dit is omdat `n bees nie diepte persepsie het nie. Wanneer jy jou drukgang oprig moet jy die “vloer”, as hy nie klipperig is nie, sowat 200mm diep uitgrou en hom dan opvul met gruis. Dit gee `n soliede vloer aan jou drukgang en verhoed sodoende dat die grond uitgewerk word deur die hantering van die beeste en keer dat jou drukgang te diep word en sukkel om jou beeste by te kom, omrede hulle met verloop van tyd die grond uitwerk uit die drukgang. Vermy `n sement vloer. Beeste gly en kry seer al riefel jy die sement vloer.

8. **Materiaal**

Alhoewel dit duur is om hanterings fasiliteite op te rig, moet jy nie probeer spaar op materiaal deur dunner pype te gebruik, of om ou telefoon pale wat jy afgesny het te gebruik nie. Op die korttermyn kan jy dalk spaar, maar langtermyn gaan die kraal slordig vertoon en dalk nie meer so effektief wees soos aan die begin nie, en daai 2mm dunwand pypies is almal gebuig. Dit is noodsaaklik om volpype te gebruik in jou dele waar hoë druk is, soos in die drukgange, laaibank en drukring. Hier gebruik jy `n 48 x 3mm of 3.5mm, of soos hulle in die ou tyd van `n twee duim pyp gepraat het. In die hou-krale kan jy kabel met een of twee pype gebruik. Span jou kabels so dat jy hulle altyd kan bly styftrek indien hulle na verloop van tyd skiet gee. Wanneer jy oorweeg om self `n kraal op te rig, hou die volgende in gedagte:

Gaan jy genoeg bekwame arbeiders hê wat die pale presies waterpas op die regte spasiërings kan plant en die pype stewig en netjies kan sweis op hulle plek? Het jy tyd op hande om die hele projek te monitor vir akkuraatheid van pale plant, pype op die regte plekke en netheid van die werk? `n Paar boere het gesê het hulle gaan dit self doen, en is vandag van Vision Cattlequip se tevrede kliënte. Ons spesialiseer in al die fasette van hanterings geriewe, en is nou al 7 jaar in die bedryf.

BLOMMVLEI

Tul's

Tonteldoos | Dullstroom

Stephan & Carmen Welz

082 330 0798 • 083 266 6829

011 447 2858 • stephan@saccw.co.za

*Ons teel sedert 1992 **sonder-sukkel wins vennote!***

*We've been raising **easy-care profit** partners since 1992!*



SW08-08

BEPROEF

BEKROON

22 Elite koeie in 19 jaar - 2 van hulle
was ook Farmer's Weekly koeie

8 agtereenvolgende jare Finalis vir Mpumalanga in die
LNR Prestasiegetoetste kudde van die Jaar toekennings



The first in a series of articles focusing on more established studs

BLOMVLEI TULIS

TONTELDOOS / DULLSTROOM

□ Stephan and Carmen Welz talk
about their farm and beloved Tulis:

In 1988 we bought a small weekend getaway on the lovely northern Drakensberg plateau 20km north west of Dullstroom. The idea of farming had never entered our minds – indeed we had resolved not to have a living thing on the farm. It was to be an antidote to the hustle and bustle of Johannesburg.

Telling anyone that you have a farm at Tonteldoos invariably results in a nudge-nudge, wink-wink reaction followed by the question ‘what is a tontel?’ The answer is very simple – ‘tontel’ means tinder and ‘doos’, derived from Dutch, means box. Easy - tonteldoos = tinderbox. A tinderbox is an antique fire-lighting apparatus in general use until well into the 19th century. Safety matches were invented in 1855 and by 1880 were widely used and had largely replaced tinderboxes.

Today the word ‘tinderbox’ is still used - figuratively as a place or situation likely to be the source of a flare-up or trouble, war, etc. but more literally to describe any highly flammable object, structure, etc. as well as a place that is so dry and hot that there is a danger of fire. We believe this explains the name given to our area because anybody who has experienced a veld fire in Tonteldoos will immediately see the connection. Three meter tall tamboekie grass burns spectacularly well once it is frosted and dry and with the wind behind it nothing can stop it.

Our children persuaded us to buy two Nooitgedacht horses soon after we bought the farm but we soon realised that they were not going to make a dent in the grass. We started making enquiries about what sort of cattle would be suitable for our area and circumstances and Dr Hercu van Niekerk, whom we

had met when negotiating to buy the horses, suggested that we look at Tulis. His Tulis, near Belfast, were the first we ever saw and his enthusiasm got us fired up – so to speak. He was of the opinion that as we would be mostly absentee farmers we needed cattle that could largely fend for themselves. Accompanied by Hercu, Stephan attended the dispersal sale at Molteno of Nick Bekker's Vonnice Stud in June 1992. Hercu helped him select five pregnant cows all of whom came from the Elephant's Rest line. This line goes back to Guyu Kimbini and Otto and through them to Khumalo, Cetzwayo and Pilot.

As everyone knows, trying to buy females when you are just starting up is always difficult but 20 years ago it was a real problem and we became very frustrated. We had met Abel Rautenbach by then and between him and Hercu were persuaded to visit Zimbabwe to meet the Zim breeders and look at the possibilities of importing females. Accompanied by Hercu, Stephan visited Paul and Elspeth Goodwin of the Boomerang stud near Bulawayo. This was to be the first of many visits to Zimbabwe. It was the Winter of 1993 and the whole of Zimbabwe was in the throes of one of the worst droughts ever. On the Goodwin farm workers were sent out in the mornings to collect dried up leaves in the bush with which to feed the animals.


Paul had a group of 11 pregnant heifers, born in 1990, in the kraal. They had been promised to someone who had not arrived to collect them as arranged. Stephan made the snap decision to buy this random group and we just never looked back. They became the backbone of our fledgling herd and over many years did us proud. BG 90-39, the last old lady remaining, had to be culled in 2009 after weaning her 15th calf and having been used in an embryo program for Argentina. One of the 11 original cows died of redwater after raising one calf only, but the remaining 10 first import Boomerangs gave us 122 calves between them.

The import of animals is not something one enters into lightly but, as the saying goes 'fools rush in where angels fear to tread'. The Boomerang ladies were the first of eight groups we imported and every one of these imports had its own set of problems – be it fuel shortages, lost blood samples, bureaucratic bungling on both sides of the border or wheels stolen off the transport trucks!



Ven Tullis

PW en Barbara Michau Posbus 663 Cradock 5880
PW 048 886 0615 of 082 788 2795 • Barbara 079 8822 582 • Email pwmichau@intekom.co.za



Gesamentlike veiling (Ven Tullis & Eira Tuli stoet)
26 September 2012, Cradock



Right from the start we realised that the radically changed political climate in Zimbabwe would probably threaten future imports and we resolved to bring in as wide a spectrum of genetics as possible. For ourselves we brought in more Boomerang, Jambo, Lebar, Koce and Yampa animals and for the Society we arranged the import of three groups of 64 animals representing all the biggest breeders in Zimbabwe for three different International auction sales held in 1997, 98 and 99. At these sales, held at the Willem Prinsloo Museum we bought females from the Donnington and Insindi herds. Arranging these sales together with the Zimbabwe breeders gave us the opportunity to meet, visit and in turn host and befriend all of them. We were also privileged to have a fantastic opportunity to meet and interview Len Harvey, father of our breed.

Our first bull, Langlyf AJB880009, was bought from Hercu v Niekerk and had been bred by Abel Rautenbach. He was called Dingaan by Abel but we called him Abel! He did us proud and contributed a lot of meat to our herd. We also imported 2 Boomerang bulls, a Jambo bull, a Lebar bull and the bull Yampa P6. When we bought him from the breeder, Etienne Kok, he had already left his mark on the Zimbabwean cattle industry having been used hugely for AI. He was the son of Red Bull Boomerang 85-108 and a Jambo mother and, for us, was the personification of a Tuli. It is his head featured on the Tuli Society logo. A bull we bought from the Nonnie Stud, CR01-15, is a grandson of the same Boomerang 85-108 and has had a considerable influence in our herd. Embryo Plus used him as an AI bull for export embryos as well as locally and he was sold to a Zambian consortium towards the end of 2010. For the moment we are using mostly homebred bulls to establish a Blomvlei type which has eluded us up to now because of the wide range of animal types we have been buying.

Van die heel begin af het ons besef dat ons al die hulp nodig het wat ons kan kry. Met geen kennis van beesboerdery en niks om onself of ons diere teen te meet nie sou dit 'n onbegonne taak gewees het. Gelukkig het ons die goeie raad gekry om prestasie toetsing te doen en dadelik by die LNR skema aangesluit. Dit was een van ons beter besluite en het sommer dadelik rigting aan die hele bedryf op ons plaas gegee - wie moet ry en wie moet bly, kalfboekies, weging ens. Prestasie toetsing was vir ons 'n hulpmiddel waarsonder ons geensins vordering sou gemaak het nie.

In ons tweede jaar as lede het Stephan President van die Genootskap geword – nie omdat ons so slim was nie, maar omdat hy ‘n min of meer ‘n neutrale figuur was in die boere politiek wat maar altyd verhoudings in sulke organisasies versuur. Hy was vir tien ononderbroke jare President en miskien was dit tot nadeel van ons eie kudde. In dié tyd was daar soms nie regtig tyd en energie oor om ons eie kudde na behore te bemark nie – veral aangesien Stephan nog sy besigheid as kunsafslaer voltyds moes bedryf. Wat wel vermag is namens die Tuli Genootskap was om drie internasionale veilings te organiseer. Ook is kontak gemaak met Tulitelers en wetenskaplikes in Australië, sowel as Zambië en Noord en Suid-Amerika en internasionaal gerespekteerde wetenskaplikes soos Dr John Frisch, Dr Bill Holloway en Prof Steven Lukefahr is oorreed om Suid-Afrika te besoek en hier inligtingstoere te kom onderneem om die Tuli se lof te besing. Die eerste Tuli brosjure het in die jare die lig gesien en dit was die deurbraak wat die fondasie gelê het vir ons puik hedendaagse Joernaal. Seker die belangrikste doel wat bereik was, was om die samewerking van die Tulitelers van Zimbabwe te kry in ons poging om teelwaardes vir Tulis te kry. Die eerste stap op die lang pad was verskeie besoeke aan die Tuli Genootskap van Zimbabwe sowel as hulle beesregistrasie owerhede om hulle te oorreed om hulle volledige stel Tulistambome aan ons beskikbaar te stel. Nadat die ooreenkomste uiteindelik gesluit is het dit nog ‘n verdere vyf jaar geneem om die data min of meer uitgesorteer te kry. Vandag het ons ‘n basiese Blup vir die Tulis en weet ons dat ons teelwaardes met elke jaar wat verby gaan meer en meer betroubaar sal word.

Ons het in 1988 ‘n plaas gekoop wat vir ons mooi was. Dis baie hoog, baie nat en baie koud in die Winter met suurveld wat net in die vroeg somer regtig goed is vir beeste. Om te boer was nie op ons agenda nie en ‘n ideale beesplaas is dit voorwaar nie. Ons is op syn beste slegs elke tweede naweek op die plaas en die bestuur word dikwels aan die Genade oorgelaat. Daar is op elke plaas faktore wat in ag geneem moet word as mens bestuurs besluite neem soos hoe dikwels mag ‘n koei oorslaan, hoe oud moet haar ouderdom by eerste kalwing wees, wat moet haar koei/kalf speengewig verhouding wees, ens ens. Na baie wik en weeg het ons besluit dat elke koei na waarde geoordeel sal word. Ons wou onself nie verder tot ‘n oorkoepelende, onwrikbare sisteem verbind waarvolgens diere wat nie aan sekere norme voldoen definitief uitgeskot sal word nie. Ons het baie moeite gedoen om ons genepoel so wyd as moontlik te maak en ons voel dat die bestuur op ‘n plaas, en nie die arme koeie nie, dikwels die rede is dat hulle nie optimaal presteer nie. Om waardevolle genetika uit te skot in ‘n gejaag na syfers maak nie langer vir ons sin nie. Elke dier moet natuurlik aan seker minimum rasstandaarde voldoen maar afhandende van hoe sy teel en waar sy vandaan kom sal sy, as ons dit kan help, altyd ‘n tweede en soms selfs ‘n derde kans kry om haarself te bewys. Soos wat ons kudde gegroei het so het ons plaas gegroei. Wanneer bure verkoop het of dood is was ons gelukkig in die posisie om gewoonlik hulle plase te kon koop. Op die manier het ons grond darem tred gehou met die groeiende getal Tulis wat tans ongeveer 350 siele van dagoud tot stokoud beloop. Ons huur ook grond waar die jong bulle, vir logistiese redes, aangehou word. Dit maak die bestuur net makliker en beperk draadbrekery, bakleiery en misterieuse swangerskappe.



Ons is trots op ons beeste se prestasies - op ons 22 Elite koeie oor 19 jaar; ons twee Farmer's Weekly koeie en die feit dat ons Blomvlei Tulistoet vir 8 agtereenvolgende jare ‘n Mpumalanga streeksfinalis was in die LNR Prestasie getoetste kuddes van die Jaar maar meer nog - ons is dankbaar dat dit ons gegun is om met hierdie besondere ras te kan boer – ‘n ras wie se wortels diep in die Afrika bodem lê en wie se geite, kwinte en kwale deur millenia van swaarkry uit hom uitgewerk is. Dis ‘n lekkerboer bees en solank ons op Blomvlei boer sal Tulis ons winsvennote wees.



TEGNIJSE ADVISEURS

Area/Streek

Naam

Selfoon e-posadres

George (Suid-Kaap/Southern Cape)	Rampie de Wet	083 631 6040	rampie@studbook.co.za
Bloemfontein (Vrystaat/Free State)	Bernard Burger	082 965 7603	bernard@studbook.co.za
Bloemfontein (Vrystaat/Free State)	Siebert Vermeulen	082-5484608	siebert@studbook.co.za
Vryburg (NW & Noord-Kaap/Northern Cape)	Dolf Cloete	082 660 3266	dolf@studbook.co.za
Pretoria (Limpopo)	Andries Riekert	082 465 0671	andries@studbook.co.za
Port Elizabeth (Oos-Kaap/Eastern Cape)	Isolde Viljoen	079 407 2708	isolde@studbook.co.za
Wes-Kaap/Western Cape	Werner Brand	082 269 5468	werner@studbook.co.za
Pietermaritzburg (KZN)	Pieter Conradie	082 371 6802	pieterc@studbook.co.za
Pretoria (NW, Mpumalanga, Gauteng)	Thalia Brameld	071-4931111	thalia@studbook.co.za

Sales Results

Sales	Top Bull	Average Bull	Top female	Average female
Great Karoo Tulus	R 70 000	R 23 260	R 35 000	R 15 003
September 2011	(A. Marx & A Schulze)		(Donkerhoek Boerdery)	
Midland Tulus	R 67 500	R 22 789	R23 000	R 11 324
September 2011	(SA Welz)		(Donkerhoek Boerdery)	
Horseshoe Tulus	R 26 000	R17 800		
October 2011	(R Snelling)			
HBH Tulus	R 49 000	R28 000	R22 500	R 17 666
October 2011	(A. Marx)		(Glen Heath)	
Alpha & Omega Tulus	R 82 000	R31 295	R 29 000	R 23 500
October 2011	(Eksteen Boerdery)		(K Loubser)	
Blomvlei	R32 000	R 16 033	R 9 750	R 7 250
April 2012	(C Kleyn)		(W. Gouws)	

Vrugbaarheidstoekennings

Verskeie kuddes is vereer by die funksie die aand voor die
Algemene Jaar Vergadering 26 Maart 2012

2011

Klein kuddes (tussen 20 – 40 koeie)

	Gem. TKP
MNR W.W. HALLATT	382
MNR M. VAN NIEKERK	406
MNR B.J.M. ROSSOUW	409

Groot kuddes (meer as 40 koeie)

	Gem. TKP
MRS E.A. GALPIN	369
MNR C.J. RAUTENBACH	372
MR R.T. CLARK	375
VAALJAS BOERDERY BK	378
ARTHUR SCHULZE ESTATES PTY LTD	380

Hierdie syfers is 'n goeie aanduiding van die vrugbaarheid van die Tuli. 'n Gemiddelde TKP van 381 dae sou egter nie kwalifiseer vir 'n toekenning in die kategorie van 40 koeie en meer, nie. Weereens baie geluk aan al die lede. Bou voort op hierdie prestasies en laat ons doel wees om elke jaar 'n verbetering te sien!

CHAMELEON TULI STUD


FARM HORTENSIA



BOSSIE COETZER | PO BOX 6107, AUSSPANNPLATZ WINDHOEK NAMIBIA
CELL: +264 81 128 8425 | FAX: +264 886 515 654 | BOSSIE@MWEB.COM.NA



*Die
natuur se
wonderwerk*







Nampo 2011...

NAMPO 2011 held some surprises for both the organisers and the society members manning the Tuli stand. If one can remember Wednesday 18th of May 2011 was a public holiday due to municipal elections on that day. It appears that everybody decided that after voting visiting NAMPO would be a good idea. Roughly 32 000 people visited NAMPO on that day.

Alwyn Marx left the farm where Tuli members were staying shortly after 6 am. Arthur Schulze left roughly a ½ hour later and was caught up in traffic for 3 hours. Alwyn had to man the stand alone and was mighty pleased to see Arthur, who allowed him to take a much deserved break. By lunch time radio stations such as RSG and OFM were advising folk not to try and visit NAMPO as the roads were too congested. There was a traffic jam all the way from Bothaville over the Vaal River to Orkney. The small airfield that services NAMPO had well over 100 aircraft land during the course of the day.

The society distributed 700 journals to interested parties at NAMPO and fielded several enquiries from visitors who come from north of our borders. The council once again would like to thank those breeders who made themselves available to man the Tuli stand.



Alwyn Marx, Liezel Grobler, Jenny & Arthur Schulze, Sharon Schulze

Jenda Tulis





Liezel Grobler

Liezel is die sekretaresse van die Tuligenootskap. Sy is 'n boorling van die Oos-Kaap en het groot geword op 'n plaas in die Hofmeyr distrik waar haar ouers en twee broers steeds met merinos boer. Na skool het sy 'n B.Sc Agric in Veekunde verwerf aan die Universiteit van die Vrystaat. Liezel was voorheen die sekretaresse van die Arabierperdgenootskap asook van die Braunvieh en South Devon Telersgenootskappe. Sy het ook gewerk as Laboratorium Tegnikus vir Kanhym Estate se vark KI-stasie. Nadat sy en haar man terug verhuis het Vrystaat toe is sy weer by Stamboek aangestel. Liezel dien ook as sekretaresse van die Hereford-, Dormer- en Vark Telersgenootskappe. Liezel se man Matthys boer met mielies en sonneblom net buite Bloemfontein. Ons verstaan dat hy binnekort ook met Tuli's gaan boer!



Marietjie Campbell

Marietjie is gebore in Bloemfontein en het hier skool gegaan. Sy het 21 jaar diens by die LNR (Landbounavorsingraad) gedoen waar sy met prestasietoetsing van melk- sowel as vleisbeeste gewerk het. Vanaf 1 Desember 2011 is Marietjie werksaam by SA Stamboek en is verantwoordelik vir die hantering en verwerking van die Tuli beeste se data, sowel as melk- en vleisbeeste se prestasietoetsing. Sy is 10 jaar getroud met Alex wat in die motorbedryf werk en het 'n pragtige dogtertjie, Sanrie wat vyf jaar oud is. Hul bly buite Bloemfontein op 'n kleinhoewe omrede sy glad nie 'n stadsmens is nie.



Ivonne van Tonder

Die Tuligenootskap wil graag vir Ivonne bedank wat vir 18 jaar verantwoordelik was vir die registrasies, oordragte van beeste ens. Die Tulis is weggehaal van haar portefeulje weens die feit dat sy twee ander groot rasse dien.

Boeredag

Tuli Day 7th March 2012 Reitz

A very successful Tuli day was held on Avoca, Albie Rautenbach's farm. Seventy farmers attended the day. The quality of the speakers was high and lengthy question time was indicative of the interest created by the speakers. Russell Clark's presentation of the impact of fertility on profit was well received, and was the source of lively debate afterwards when Russell's formula was applied in practice to some of the animals that had been brought as examples. Several farmers who had never seen a Tuli before conveyed that they were very impressed by the breed.

The following day 45 Tuli farmers attended a more informal day. Russell Clark went through the selection criteria and what inspectors were looking for in both a Tuli bull and a Tuli female. Afterwards each participant had the opportunity to "inspect" and judge groups of bulls, heifers and mature cows. The inspection committee was very pleased with the high level of competence within the group and several potential future inspectors were identified. The hands-on experience on the second day was enjoyed by all, in spite of some very challenging groups of animals to judge. Albie and Cornelis need to be thanked for hosting this well-run event.





*Die
natuur se
wonderwerk*




"Writing is an adventure. To begin with it is a toy and amusement. Then it becomes a mistress, then it becomes a master, then it becomes a tyrant. The last phase is that just as you are about to be reconciled to your servitude, you kill the monster and fling him to the public."

-Winston Churchill



Ligging van Teler/ Location of Breeders



..Tuli Members / Lede

	NAME	ADDRESS	TELEPHONE	FAX	MOBILE	EMAIL	PREFIX	HDM
EASTERN CAPE								
1	ARTHUR SCHULZE ESTATES PTY LTD	WA. SCHULZE, P.O. BOX 535, ST FRANCIS BAY, 6312	042-294 1238	042-294 1238 ask	083-441 5781	conroyschulze@zmail.co.za	BUOWILL	ASE
2	MR D C N. CAVITHORN	P.O. BOX 107, STUTTERHEIM, 4930	043-683 2666	-	084-363 5392	horseshoe@telkomsa.net	HORSESHOE	GNC
3	MR R T. CLARK	P.O. BOX 145, DORDRECHT, 5435	045-943 3066	086-574 5002	082-573 0223	ed@hbhtuli.co.za	HBH	HBH
4	DRETO STOET	POSBUS 389, BURGERSDORP, 9744	045-967 9551	045-967 9551	082-498 7914	dreto@nokwi.co.za	DRETO	CNA
5	MRS E.A. GALPIN	P.O. BOX 2, KENTON ON SEA, 6191	046-648 1641	046-648 1641	082-940 3971	galpin.edie@gmail.com	EAGLE'S VALLEY	E
6	GLEN HEATH TULI STUD	MR G.J. GILFILLAN, P.O. BOX 408, MIDDELBURG, 5900	049-842 1317	049-842 1317	083-545 8653	gk.gilfillan@gmail.com	GLEN HEATH	GH
7	MRC G. HOBSON	TIA ROOIBERG TULIS, P.O. BOX 695, GRAAFF-REINET, 6280	049-891 0461	-	084-092 9750	chris@rooibergtulis.co.za	BARDEE	D
8	MNR A.J. MARX	POSBUS 444, BURGERSDORP, 9744	051-653 1410	051-653 1410	083-448 7870	essex@nokwi.co.za	ALPHA OMEGA	AM
9	MR AD. MOEWAN	P.O. BOX 222, MIDDELBURG, 5900	049-842 1415	086-652 4452	082-379 0130	fairfield@hotmail.co.za	FAIR	FF
10	MNR P.W. MICHAU	POSBUS 663, CRADOCK, 5880	048-886 0615	048-886 0761	079-882 2582	pwmicchau@intekom.co.za,	VEN	PM
11	MR AD. MULLINS	P.O. BOX 549, GRAHAMSTOWN, 6140	046-622 8650	046-622 8620	082-299 7953	bmichau@intekom.co.za	A/ONDALE	ADM
12	OLYMPUS TULI STOET	H/A@LGROFARWING, POSBUS 2527, MONUMENT PARK 0181	012-347 0134	012-347 0134	083-326 9616	mullins@isat.co.za	OLYMPUS LG	OG
13	MRC N. SHEEPERS	P.O. BOX 205, GRAHAMSTOWN, 6140	046-622 5240	046-622 5240	082-495 0576	rocksolid@telkomsa.net	CHARGRAY	TT
14	TIPTREE TULIS	P.O. BOX 8, THORN HILL, 6375	042-286 0922	042-286 0951	082-323 4286	crosswayfarm@gmail.com	TIPTREE	W
15	VAALJAS BOEDERY BK	POSBUS 359, STRAND, 7139	021-853 8402	021-853 8402	082-962 6689	jdwalt@iname.com	RITS	W
16	MNR A.J. VAN RUSWIJK	POSBUS 251, BURGERSDORP, OOS-KAAP, 9744	051-653 1111	051-653 1443	083-410 7753	ajvanrijswijk@yahoo.com	EIRA	AVR
17	WILDEBESHOEK TULI	P.O. BOX 201, ELLIOT, 5460	-	045-933 1731	-	bastervoetpad@gmail.com	-	-
FREE STATE								
18	MNR J.A. DE VILLIERS	POSBUS 286, SENEKAL, 9600	058-481 3947	058-481 3947	083-265 1647	jadevilliers1@telkomsa.net	GEMSBOKFONTEIN	JDV
19	EAGLE FAMILY TRUST	CO MR TA. MOKHELE, P.O. BOX 502, TWEESPRUIT, 9770	-	018-462 4146	083-627 9485	amokh@lantic.net	DENBRAE	DB
20	MNR A.J. KRIEL	POSBUS 334, BOSHOFF, 8940	082-805 0926	-	072-681 0815	casmantuli@gmail.com	CASVAN	CHK
21	MNR C.J. RAUTENBACH	A/OCA, POSBUS 90, REITZ, 9810	058-863 1515	865 863 809	082-959 5759	raueasy@telkomsa.net	LANGLYF	R
22	MNR C.J. RAUTENBACH	POSBUS 552, REITZ, 9810	058-863 1735	086-585 3809	082-371 4390	nonstoet@schoolink.co.za	NONNIE	CR
23	MNR B.J.M. ROSSOUW	POSBUS 1345, BETHLEHEM, 9700	058-303 7131	086-698 0160	083-454 2930	ben3ros@gmail.com	BENDRI	BR
24	MEV N. VANECK	POSBUS 158, JACOBSDAL, 8710	053-204 0083	-	082-475 1994	-	LUIPERDSKOP	LK
GAUTENG								
25	MNR C.H.J. BARNARD	POSBUS 906977, GARSFONTEIN, PRETORIA, 0042	012-365 1215	012-365 1386	082-561 5216	pinz@telkomsa.net	RUST-DE-VINTER	C
26	MRA. FANNER	P.O. BOX 6, HEKPOORT, 1790	014-576 1078	011-788 2592	083-415 2545	afanner@gmail.com	BLUE MOUNTAIN	BM
27	GOUWSKOR (PTY) LTD	POSBUS 186, BRONKHORSTSPRUIT, 1020	013-932 0601	013-932 0601	082-853 4483	werner@gouwsbergtulis.co.za	GOUWSBERG	G
28	IRENE DIEREPROD INSTITUUT	PRIVAATSAK X2, IRENE, 0062	012-672 9266	012-672 9087	083-271 5756	norman@arc.agric.za	IAP	IDI
29	MEV R. JANSE VAN RENSBURG	POSBUS 33013, GLENSTANTIA, 0010	012-993 2417	012-993 2417	082-700 6008	risajvr@gmail.com	RITULI	RVR
30	LEKKERLAGSTOET	POSBUS 413, RAYTON, 1001	012-736 2154	086-695 0752	083-258 5239	info@diamantvallei.co.za;	LEKKERLAG	HH&H
31	DR C.F. SLABBER	POSBUS 1577, BROOKLYN SQUARE, PRETORIA, 0075	012-346 6701	012-346 6560	082-416 3853	verwoerd@diamantvallei.co.za	ZWEIBACH	Z
32	MEI S. STEENKAMP	POSBUS 159, CULLINAN, 1000	012-734 2481	086-524 1121	083-417 5840	sharmine@lantic.net	SHANEL	STL
33	TUSCAN MOOD 80 (PTY) LTD	P.O. BOX 1235, LONEHILL, 2062	011-465 0919	011-803 2323	082-854 2708	richardr@eclipse.co.za	BONNEFOI	X

KWAZULU-NATAL

34 DDWBOEDERY POSBUS 271, VRYHEID, 3100

073-501 9252

TTIHOI

TTI

LIMPOPO

35 BEUKESBOEDERY

beukesmabula@gmail.com

MABULA

BEU

36 MNR C.A. GROENENWALD

Merensiaag@absamail.co.za

PULLU

PT

37 SWIFTDEMOLITIONSERVICES CC

whvermeulen@ymail.com

APHAEA

WHV

MPUMALANGA

38 MEV/W.J. ACKHURST

wilnaack@lanic.net

PAVO

T

39 MEV/H. MAKINK

-

BOM

B

40 MNR/MKG. VERMAAK

-

HARESA

HV

41 MNR S.A. WELZ

stephan@sacow.co.za

BLOMVEI

SW

NORTH WEST

42 MNR F.J. BURGER

bits@postnet.co.za

ERESA

CBF

43 MNR W.W. HALLATT

hallatt@gmail.com

TRAITLEADER

TL

44 MNR J.V. HUMAN

-

JAGD

JHAH

45 SIGDITULI STOE TBK

boors@oppikoppi.co.za

SIGDI

SG

NORTHERN CAPE

46 COOK & SON

kevinc@sidip.co.za

AMELIA

V

47 DONKERHOEK BOEDERY TRUST

braath@isat.co.za

DONKERHOEK

DKH

48 JOUBERT TULI STOEIT

pjoubert52@yahoo.com

JOUBERT

JTS

49 MEV/C.P. MOMBORG

tinusmomborg@gmail.com

HARDEVELD

CP

50 MNR M. VAN NEKERK

giel@isat.co.za

GANNA

GA

51 WESTFRONTBOEDERY BK

westfront@apcmail.co.za

WESTFRONT

WF

WESTERN CAPE

52 MNR F. BRINK

POSBUS 3000, DURBANVILLE, 7551

083-284 4702

GOEIE VERWAGTING

GV

53 MNR J.H. CROUS

POSBUS 51, MISGUND, 6440

082-829 0296

NIEKERKSBERG

JHC

54 EENZAAMHED TRUST

PIAA-H. SWART, POSBUS 46, GEORGE, 6530

082-452 3353

EENZAAM

GRT

55 EKSTEENBOEDERY

POSBUS 500, MALMESBURY, 7299

083-658 2646

SWARTLAND

S

56 GREAT KAROO TULIS

mullins@isat.co.za

GREAT KAROO

XY

57 JENDA

POSBUS 24, LEEU-GAMKA 6950

082-789 5826

JENDA

NR

58 MNR N.H. LOUBSER

POSBUS 295, VREDENBURG, 7380

082-370 2337

HOLVLEI

KHL

NAMIBIA

59 MR. J.B. COETZER

P.O. BOX 6107, WINDHOEK, NAMIBIA, 9000

+264-811 288425

CHAMELEON

JJC

60 KOTAN STOEIT

POSBUS 47, AROAB, NAMIBIE, -

-

KOTAN

OST

61 WATERBERG/NAMIBIA TULIS

P.O. BOX 109, GROOTFONTEIN, NAMIBIA,

+264-81 1272471

WAT

WAT

CJ Rautenbach
082 371 4390
www.raueasy.com



NONNIE Stoot

Produksie Veiling


5 Junie 2012

Die tuiste van voortreflike, superieur en elite koeie

Koei tot kalf speenmassa verhouding is die belangrikste na vrugbaarheid

Teel reeds 29 jr Tuli's met streng seleksie vanuit die
room van Zim se top telers

Gemiddelde TKP van 372 dae




Inheemse poenskop profyt !



Kwaliteit en eerlike diens • Tevrede kliënte. Blywende brandmerke op 18 jaar oue
Tuli koeie. Skakel my vir enige brandmerk toerusting - 082 371 4390

GREAT KAROO TULIS

*Touch...Pause...Engage...
Kleur is maar veldiep...
Balbesit is die belangrikste.*



Al Great Karoo Tuli beeste loop altyd net op die veld
Geen voeding, byvoeding, lek of sout... Net veld.

VRUGGBARE VELDBEESTE

Kontak: Dave Mullins 082 299 7953 • William Biggs 082 415 3751

www.greatkarootulis.co.za